GRAAN SA/GRAIN SA
Perspektief
PERSPECTIVE
NUUSBRIEF
NEWSLETTER

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

**30/11/2012**
**WEEK 48 - 2012**

**In hierdie uitgawe...**


- Brandstofpryse vir Desember 2012
- Landboutoestande vir somergrane soos op 28 November 2012
- Die invloed van buitemarkfaktore
- Aanplanting en plaaslike marktoestande vir mielies in Suid-Afrika
- RSA mielie-uitvoere en voorraadsituasie


## Brandstofpryse vir Desember 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys op 5 Desember met 24 sent per liter en die dieselprys met 16 sent per liter **DAAL**.

Dié verwagte daling is grootliks as gevolg van die olieprys wat vanaf 'n gemiddeld van $111,30 per vat in Oktober tot 'n gemiddeld van $109,15 per vat in November gedaal het. Die rand het gedurende dieselfde tydperk met 1,3% verswak, wat groter dalings in brandstofpryse gedemp het.

Terug na bo

## Landboutoestande vir somergrane soos op 28 November 2012

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» **KwaZulu-Natal**

Produsente in KwaZulu-Natal is feitlik klaar geplant. Toestande lyk oor die algemeen goed, alhoewel opvolgreën na die noorde van Piet Retief benodig word. Gewasse wat al opgekom het, lyk baie mooi. Hael het kol-kol voorgekom en skade grotendeels op sojabone veroorsaak.

**Mpumalanga**

Produsente is klaar met hulle mielie-aanplantings, terwyl die laaste paar sojaboonhektare aangeplant word. Die toestande in Mpumalanga lyk oor die algemeen goed, alhoewel dit kol-kol (Delmas/Ermelo/Middelburg) effens droog begin raak.

Hael het in sekere areas van Bethal, Standerton en Middelburg voorgekom. Daar is moontlikheid van skade op die mielies ten spyte daarvan dat hulle nog relatief jonk is. Die skade op sojabone is egter ietwat groter. Die effek van die hael is onbekend.

**Vrystaat**

*Oos-Vrystaat*

Produsente is feitlik klaar met hulle mielie-aanplantings in die Oos-Vrystaat. Toestande lyk oor die algemeen baie goed, alhoewel opvolgreën nou oor groot dele benodig word.

Produsente in die Ladybrand-/Tweespruit-omgewing is so 65% klaar geplant, terwyl Clocolan so 80% klaar is. Reën het die

afgelope week kol-kol voorgekom en stel produsente in staat om met hul mielie-aanplantings voort te gaan. Opvolgreën is noodsaaklik in hierdie area.

*Noordwes-Vrystaat/Sentrale Vrystaat*

Produsente in die grootste dele van die Noordwes-Vrystaat en die Sentrale Vrystaat was volstoom besig om te plant maar staan as gevolg van onvoldoende ondergrondse vogtoestande die laaste paar dae stil. Sprake is dat produsente in die Bothaville-/Viljoenskroon-/Kroonstad-omgewing al so 60% van hulle mielies klaar geplant het, terwyl die Wesselsbron-/Hoopstad-produsente tussen 20% - 30% klaar is. Goeie, wydverspreide reën word benodig.

In die Bultfontein-/Theunissen-/Hertzogville-omgewing word reën dringend afgewag voordat produsente kan plant. Waar reën kol-kol voorgekom het, het produsente wel geplant, maar dit is nog relatief min. Reën word kritiek benodig. Toestande suid van Bloemfontein lyk tans ook nie belowend nie.

**Noordwes Provinsie**

*Noordelike dele van die Noordwes Provinsie*

Produsente se optimale planttyd het middel-November begin, maar daar is nog geen somergewasse, behalwe vir dít onder besproeiing, tot op datum aangeplant nie. Reën het ongeveer twee weke terug in die gebied voorgekom, wat meebring dat produsente se primêre bewerkings nog nie eers voltooi is nie. Goeie, deurdringende, verspreide reën word kritiek benodig.

*Suidelike dele van die Noordwes Provinsie*

Reën het kol-kol voorgekom, maar toestande is oor die algemeen droog in die suidelike dele van die Noordwes Provinsie. Onvoldoende reën het tot op datum voorgekom en groot dele van die gebied se primêre bewerkings is nog nie voltooi nie. Produsente is in hul optimale plantvenster-tydperk, maar as gevolg van die onvoldoende reën is daar nog amper geen mielies geplant nie. Goeie, deurdringende reën is noodsaaklik aangesien die seisoen met swak ondergrondse vog begin.

Terug na bo

## Die invloed van buitemarkfaktore

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*
» Die dollar het met 0,1% teenoor die euro verswak. Negatiewe buitemarkfaktore is aan die orde van die dag; die DJIA-indeks het met 0,7% gedaal, terwyl ruoliepryse met 0,9% gedaal het. Die dollar het met 0,2% versterk en die rand met 0,1%.

Ten spyte van die negatiewe buitemarkfaktore, behoort die styging in VSA kommoditeitspryse die plaaslike markpryse te oorheers. Hoër Safex-openingspryse word vir mielies (+R20/ton), sojabone (+R40/ton) en koring (+R50/ton) verwag. Die swakker plaaslike aanplantingstoestande vir mielies in die westelike produksiegebiede behoort plaaslike mieliepryse vir lewering in Julie te ondersteun, maar weens die huidige voorraadsituasie is plaaslike kopers gemaklik.

Terug na bo

## Aanplanting en plaaslike marktoestande vir mielies in Suid-Afrika

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*
» Terwyl mielies in dele van KwaZulu-Natal in die saad kom, het die westelike produksiegebiede onvoldoende ondergrondvog wat primêre bewerkings in sekere gebiede onmoontlik maak.

Hierdie produksiegebiede het tot 100 mm reënval nodig voordat aanplantings kan begin. Die optimum plantperiode hier is tussen 20 November en 15 Desember. Hierdie produksiegebiede produseer die beskikbare uitvoervolumes en teen Maandag is berig dat tussen 300 000 ha en 450 000 ha se aanplantings in die noord-westelike produksiegebiede deur die droë toestande geaffekteer kan word. In die suid-westelike produksiegebiede kan 150 000 ha geaffekteer word. Die reënvalverspreiding is ook ontoereikend.

Die weidings in hierdie gebiede, waar dit in Maart 2012 laas gereën het, lyk baie swak en in die verre Noordwes vrek vee en wild. Ongunstige toestande word ook in die suidelike produksiegebiede (Bultfontein) ervaar, wat aanplantings bemoeilik. Weens die uitdroging van bogrond, het produsente in die Hoopstad-/Wesselsbron-gebied ophou plant en reënval van ongeveer 30 mm is nodig sodat daar met aanplantings voortgegaan kan word.

Volgens die langtermynreënvalsiklus gaan Suid-Afrika 'n droër siklus binne. Pryse vir lewering in Julie 2013 verhandel sonder in agneming van die weerprobleme op dié stadium en die rede hiervoor kan die huidige voorraadsituasie wees. Uitvoere is belangrik om die huidige pryse te ondersteun.

Terug na bo

## RSA mielie-uitvoere en voorraadsituasie

*Wessel Lemmer (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

» Volgens SAGIS het Suid-Afrika vir die week van 23 November, 30 066 ton witmielies en 3 414 ton geelmielies uitgevoer. Totale mielie-uitvoere vir die 2012/2013-bemarkingsjaar staan reeds op 1 014 003 ton, terwyl daar nog 22 weke in die bemarkingsjaar oorbly.

Duidelike aanduidings oor die potensiële uitvoerverkope tot einde April 2013, ontbreek egter. Indien die uitvoertempo gehandhaaf sou kon word, sou die uitvoere van witmielies tussen 1,5 miljoen ton en 1,6 miljoen ton kon beloop. Die uitvoertempo het oor die laaste drie maande (van vierweek-periodes) skerp afgeneem vanaf 164 306 ton, daarna 110 348 ton en tot 23 November, 72 927 ton per maand.

Graan SA se jongste vraag en aanbod-projeksies maak voorsiening vir 'n konserwatiewe maandelikse uitvoersyfer van ongeveer 35 000 ton per maand tot einde April 2013. Die grootste uitvoerbestemming is Meksiko, wat 680 000 ton witmielies tot dusver uit Suid-Afrika ingevoer het. GMO-produksie word nie in Meksiko toegelaat nie, maar daar is toenemend druk op die Meksikaanse regering om GMO-mielieproduksie vir voedselsekerheidsdoeleindes toe te laat. Meksiko sal dan minder mielies begin invoer.

Graan SA projekteer witmielie-uitvoere van 1 105 000 ton teen April 2013 met 'n totale mielie-eindvoorraadsyfer van 1,4 miljoen ton op 30 April 2013. Die surplus bo die pyplyn beloop dan byna 300 000 ton, wat die huidige uitvoerprysvlakke verklaar. Rekonsiliasie van die 2012 mielie-oes vind op 29 November plaas en indien die oes onderskat was, kan die eindvoorraadsyfer groter wees.

Die produsenteleweringsyfer tot en met 23 November, het op 28 November verskyn. Tot op datum het die gemiddelde produsentelewerings vir die vorige vier jaar, 93,8% beloop. Vanjaar beloop die syfer reeds 97,25% wat daarop kan dui dat die oes moontlik onderskat was. Indien die oesskattingsyfer 300 000 ton groter was (11,8 miljoen ton) sou die persentasie produsentelewerings van die finale oes 94,7% beloop het, wat met die 2009/2010 jaarlikse syfer van 95,26% vergelyk. Sien Graan SA se jongste vraag en aanbod-projeksies op www.grainsa.co.za.

Terug na bo

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
+27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166
www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: rialeen@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA